Donderdag **22 Augustus**

**Skrifgedeelte: Markus 14:53-65**

**Fokusgedeelte: Markus 14:53-65**

**Blind, doof, stom vir die Waarheid**

Die Waarheid staan voor hulle, en hulle moet leuens uitdink om hulleself te bluf. God die Seun staan voor hulle, en hulle beskuldig Hom van godslastering. Die Woord staan voor hulle, antwoord hulle, en hulle is stokdoof. Die Almag van God, die Lig in die duisternis, staan voor hulle, en hulle knyp hulle oë styf toe en probeer alles om die Lig te ignoreer.

Dit is vir ons skokkend dat mense so kan optree. Die leiers van die Israeliete, hulle wat die Woord van God die beste moet ken, wat moet leiding gee, is die wat lieg, doof is, blind is. “Is jy die Christus?”, word aan Hom gevra. “EK IS”, kom die antwoord. En dan, net spoeg en vuishoue, hande wat sy gesig klap.

Jesus is in die laaste paar ure voor die uitvoering van God se Groot Verlossingsplan, en selfs met dit wat voorlê, veral besig om ’n spieël voor die mense te hou. Hoe gaan jy reageer teenoor die Waarheid, gaan jy die Lig sien, gaan jy die Weg volg? Hierdie spieël is vir ons ook bedoel, om te kan sien hoe ons reageer, is hierdie vrae vir ons belangrik, sien en hoor ons dit alles?

Is daar situasies waar ons ook eerder die leuens volg, waar ons ons eie oë toeknyp en eerder die donker en die sonde volg? As die Joodse Raad se optrede ons met afgryse vul, dan kan ons tog nie soos hulle optree nie, dan moet daar vir seker niks van hulle optrede in ons lewe gesien word nie.

Wanneer jy deel kry aan die verlossing in Christus, deur God se almagtige genade, is jy deel van sy kinders. Dan wandel ons in die Waarheid van die Woord, in die Lig van ons Verlossing, met die geklank van die Woord en die stem van die Heilige Gees in ons harte.

*Sing: Psalm 103-1:1, 2*

*Ds. SJL (Lohan) Linde (Pretoria-Wonderboom-Suid)*